

Lekkerbekkie Nuusbrief

22 APRIL 2014 | UITGAWE 55



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Ollie en Josef
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinder stories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Ollie en Josef deur Anna Emm

Toe Ollie ses word, gee sy mamma en pappa vir hom die pragtigste baba-hondjie present. Ollie is sommer baie opgewonde. Hy noem die hondjie Josef. Josef hou net so baie van sy nuwe mensemaatjie. Hy waai sy stertjie bly.

Van daardie oomblik af wil Josef alles doen wat sy basie doen. As Ollie by die kombuistafel sit en huiswerk doen, klouter Josef op die tafel en kou aan Ollie se potlood. Hy wil ook huiswerk doen! En wanneer Ollie saans bad, spring Josef teen die kant van die bad op en blaf. Josef kyk saam met Ollie televisie. Hy eet saam met Ollie ontbyt. En hy loop oral agter Ollie aan.

Maar die eerste dag toe Ollie weer moet skool toe gaan, moet Josef by die huis bly. Ollie maak die tuinhekkie toe en waai vir Josef tot siens. "Tatta, Josef!" roep hy oor sy skouer.

Nou is Josef hartseer. Hy verstaan glad nie waarom hy nie saam met Ollie kan gaan nie. Hy blaf en blaf en spring teen die tuinhekkie op. En o aarde... daar spring Josef die tuinhekkie oop! Ollie sien nie dat die klein hondjie nou al agter hom aandraf op die sypaadjie langs nie.

By die skool is daar baie kinders. Josef kan nie vir Ollie sien nie. Hy soek tussen die fietse, maar kry nie sy basie nie. Hy soek tussen die kinders se tasse, maar Ollie is ook nie daar nie. Hy snuffel deur die gange en ruik teen al die klaskamers se deure. Maar sy basie is nêrens.

"Wie se hondjie is dit?" vra die skooljuffrou toe Josef op die stoep by haar verbydraf. Niemand weet wie se hondjie dit is nie.

Al die kinders sit nou in die saal. Hulle luister wat die skoolhoof sê. Almal is doodstil, want die skoolhoof sê belangrike dinge en hulle moet mooi luister. Maar dan hoor almal 'n hondjie blaf! Die hondjie blaf al hoe harder, en dan hardloop Josef by die saal se deur in tot bo-op die verhoog!

Josef kyk na die kinders. Hy soek vir Ollie. "Josef!" roep Ollie, en nou sien die hondjie hom. Hy gee een groot sprong, en spring van die verhoog af tot in Ollie se arms! Hy lek Ollie se gesig en waai sy stertjie. Hy het sy basie gekry!

Al die kinders lag, en Ollie sê skaam: "Dis my nuwe hondjie, Josef. Hy het seker agter my aangestap."

Die skooljuffrou sê Ollie kan maar gou vir Josef huis toe vat. By die huis maak Ollie die tuinhekkie stewig toe dat Josef dit nie weer kan oopspring nie. "Ek kom later weer, Josef," fluister hy. "Dan kan ons lekker speel. Jy moet net hier vir my wag, hoor jy? Jy kan nie saamgaan skool toe nie."

En hierdie keer het Josef mooi geluister na sy basie. Die skoolganery het hom baie moeg gemaak. Hy het die hele oggend lekker onder die boom gelê en slaap... tot Ollie weer huis toe gekom het.

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Ollie en Josef illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za